# Meervoude
# Les 5

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©



Sê die meervoud.

# Meervoude

## WAT HET ONS AL GELEER?



Luister hoe die meervoud klink.

- Reël 1: Sommige woorde kry net 'n *S* by as ons die woord 'n meervoud maak.


 appel  appels

- Reël 2: 'n Kort klinker gevolg deur 2 medeklinkers, kry net 'n –e by.


wolk  wolke 

- Reël 3: As 'n woord 'n dubbelklank in het gevolg deur een medeklinker kry dit net 'n –e in die meervoud. Wanneer 'n woord 'n moeilike klank in het kry dit ook net 'n –e in die meervoud.

trein 

treine 

koei 

koeie 





Sê die meervoud.

# Meervoude

## WAT HET ONS AL GELEER?



Luister hoe die meervoud klink.

Reël 4: As 'n woord 'n Kort Klank in het gevolg deur een medeklinker moet ons nog 'n medeklinker by sit en dan 'n -e



Kort klank

a e i o u

Die kort, vet soldaat moet gaan veg in die oorlog. Maar omdat hulle klein is, gee ons vir die arme soldaatjies 'n ekstra geweer (medeklinker verdubbel) en 'n kospakke –e sodat hulle nie honger word nie.

nar




narre




hek



hekke



vis



visse



ballon



ballonne



bus



busse



# Meervoude

**<u>Reël 5</u>: As 'n woord 'n langklank in het gevolg deur een medeklinker gaan een van die langklanke verdwyn en ons sit nog 'n -e by**




Langklanke

aa ee oo uu

Die lang, bang soldate moet gaan veg in die oorlog. Hulle lyk dieselfde en loop saam. As die meervoud hulle aanval, hardloop een terug kamp toe. Sy maat bly agter met een geweer en 'n kospakkie –e.

**baal** **bale** **planeet** **planete**










**boom** **bome** **vuur** **vure**











# Meervoude

Flippie bl.18

| Een | Baie | Een | Baie |
| --- | --- | --- | --- |
| baal | bale | deel | dele |
| taak | take | planeet | planete |
| graat | grate | baksteen | bakstene |
| saad | sade | bysteek | bysteke |
| jaar | jare | streep | strepe |
| sprinkaan | sprinkane | speek | speke |

Uitsonderings

glas – glase

vat – vate  gat - gate




# Meervoude

Flippie bl.18

| Een | Baie | Een | Baie |
| --- | --- | --- | --- |
| brood | brode | uur | ure |
| boom | bome | muur | mure |
| roos | rose | skuur | skure |
| poot | pote | minuut | minute |
| troon | trone | vuur | vure |
| noot | note | | |



## Skryf die volgende sinne oor in die meervoud.

1. Ek sien twee  op die see.
2. Die  het al ons  opgevreet.
3. My hond hou daarvan om  te kou.
4. Ek glo nie aan  nie, maar as ek een sien, sal ek oor die hoogste  spring.

Lekker werk !!



## Skryf die volgende sinne oor in die meervoud.

1. Ek sien twee bote op die see.
2. Die hase het al ons pere opgevreet.
3. My hond hou daarvan om bene te kou.
4. Ek glo nie aan spoke nie, maar as ek een sien, sal ek oor die hoogste mure spring.

Trots op jou !!

